

Maleagi:

Ek het julle lief! Waar is My eer?

Waar staan jy **REGTIG**
in jou verhouding met
die **HERE?**



WAAR STAAN JY REGTIG IN VERHOUDING MET HERE?

Liewe broer, liewe suster

Waar staan jy REGTIG in jou verhouding met die HERE?

Dis die diep, indringende, eerlike vraag vanoggend ... van die HERE aan jou en my:

My kind, waar staan jy REGTIG in jou verhouding met MY, die HERE?

HERE LAAT ONS EERLIK NADINK OOR LEWE MET HOM!

In Maleagi se tyd het die Here se genade al diepte beleef en ervaar:

- Want hulle is nou al heelwat jare terug uit ballingskap uit ... hul sondes is betaal!
- En hulle het die tempel herbou, hul huise herbou.
- Nou het hulle redelik ook weer aangegaan met die gewone lewe van elke dag.
- En dan kom die Here – soos ons verlede week gesien en gehoor het – na hulle toe en sê heel eerste vir hulle:

Ek het julle lief!

- Met een woordjie vertel die Here vir hulle presies hoe Hy oor hulle voel:

Ek het julle lief!

- En dis iets wat hulle as kinders van die Here nie net as vanselfsprekend moet en kan aanvaar nie.
- Want die Here het die volste reg gehad om hulle af te skryf.
- Maar Hy hét nie, want ...

Ek het julle lief!

Maar dan kom die Here ook met 'n kritiese teenvraag aan sy kinders:

EK het JULLE lief ... máár ... Het julle MY lief?

Ja, wys julle prakties in julle elke-dag-se lewe?: Here, ons het U lief!

Die hartseer is ... die Here moet vir sy kinders sê:

Julle het My nie voluit lief nie ... inteendeel!

Aangrypend sê die Here dit in vers 6:

'n Seun eer sy vader en 'n slaaf sy eienaar.

As Ek dan vader is, waar is die eer wat My toekom?

En as Ek Here is, waar is die eerbied vir My dan?

- Ja, Juda ...:

Julle en Ek is soos Pa en kind ...

Ons is soos Baas, Koning, Eienaar ... en slawe, eiendom.

- Van 'n kind verwag jy dat die kind sy Pa sal liefhê.
- Van 'n slaaf verwag jy dat die slaaf ontsag vir sy eienaar sal hê.
- Maar wat is doen JULLE as MY kinders, MY slawe:

*Daar is ... GEEN liefde, GEEN ontsag, GEEN **eerbied** vir My nie!*

Wat word met *eerbied* bedoel, geliefdes?

- Dis om iemand na waarde te ag.
- In die praktyk van jou lewe wys jy wat iemand vir jou werd is.
- Jy weeg as't ware die persoon op die regte manier.
 - As hy 100 kg swaar is ... dan sê jy dat hy 100kg weeg.
 - As hy R100 werd is ... dan betaal jy R100 vir hom.

En dis wat Juda nie doen nie:

- Hulle erken nie in hul lewe hoe baie die Here werd is nie.
- Inteendeel ... hulle behandel die Here met *minagting*:
 - Hulle beledig die Here.
 - Daar is geen respek vir die Here in hul lewe nie.
 - Hulle spot as't ware met die Here.
- In plaas daarvan dat hulle erken hoe groots en besonders die Here is, maak hulle asof die Here hulle speelmaatjie is.
- Hulle maak asof Hy 'n vreemdeling is wat jy maar net kan misbruik.

Geen liefde vir Pa nie.

Geen respek vir die Here nie.

- Dis die Here se basiese aanklag, geliefdes:

Julle, my kinders, julle eer MY nie!

Met hierdie basiese aanklag, geliefdes, roep die Here jou en my om self eerlik te kyk na ons lewe:

- Waar staan ek met die Here?
- Hoe antwoord ek op die Here se liefdeswoord?

Ek het jou lief!

- Het EK die Here lief?
- Het EK respek, ontsag, vir die Here ... soos teenoor my werkgewer?
- Is EK kinderlik liefde vir die Here ... soos ek vir my ma, my pa is?
- Ag EK die Here na waarde?
- Ja, dis die kernroep vanoggend, geliefdes:

Dink tog eerlik na oor jou lewe met die Here!

IS EK BESIG OM HERE PRAKTIES IN LEWE TE EER?

Voor jy te maklik jouself verontskuldig en sê:

Maar natúúrlik is ek lief vir die Here!

... hoor die Here se verdere woorde in vers 6, geliefdes:

Maar julle vra:

“Hoe het ons U met minagting behandel?”

- Juda voel duidelik nie dat hulle die Here nie geëer het nie.
- Intendeel ...

Here ... waar en wanneer en hoe het ons U beledig, geminag?

- Dis hoekom die Here in die res van hoofstuk 1 en 2 vir Juda in die praktyk van hul lewe wys hoe hulle Hom geminag het.
- Op drie terreine laat die Here hulle eerlik na hulself kyk:

Hul godsdienstige lewe ...

Die optrede van die leiers ...

Hul sosiale lewe ...

- Soos die Here Juda eerlik na hulself laat kyk ... so gaan jy en ook geleentheid kry om eerlik die vraag te antwoord:

Waar staan ek regtig in my verhouding met die Here?

Kom ons begin met ons **godsdiens** elke dag ...

Die Here praat met Juda oor die offers wat hulle bring.

- So Juda kom nog kerk toe ... gereeld.
- En hulle bring die offers wat hulle moet.
- Maar die probleem is die **kwaliteit** van hul offers.
- Honderde jare terug het die Here al in Levitikus gesê:

Geen dier wat 'n liggaamlike tekortkoming het, mag geoffer word nie.

○ Hoekom nie?

- Want die offerdier het op Jesus gedui.
- En Jesus het geen sondes, geen gebreke nie!
- Maar wat doen die Here se kinders nou ... volgens vers 8 en ook vers 11:
Julle bring gesteelde, lam, siek diere. Julle bring dit as offers!

En dis nie dat die Jode nie gesonde diere gehad het nie.

- Inteendeel, in vers 14 sê die Here dat hulle wél 'n bul, 'n ram in hul kudde het!
- Maar tog bring hulle ... 'n verminkte ding as offer!
- So die Jode se eintlike probleem is:

Hulle dink hulle kan maar met hul godsdiens die Here afskeep.

En die hartseer is:

- Hulle sou dit nie met ander mense, met die goewerneur gedoen het nie.
- *Sal hy ingenome met jou wees of jou vriendelik ontvang?* vra die Here reguit!
- Maar die Here moet maar tevrede wees ... en ook nog genadig.

Want ja, dis die verdere hartseer:

- Juda bring hierdie swak-kwaliteit offers ... en verwag dan dat die Here hulle genadig moet wees.

- Hulle sê in vers 9:

Maak God dan tog nou goedgesind dat Hy ons genadig kan wees!

- Die Here moet tog net sy kant van die *deal* nakom ... ongeag van wat ek doen!

Dis hoekom die Here verder ook nog so hartseer is.

- Want daar is niemand wat gesê het:

Wow, stop, kom ons sluit die deure!

Dis nie hoe ons behoort te offer nie

Ons kan nie net die Here so in die erediens afskeep nie.

- Nee ... almal het maar net aangegaan asof dit so hoort.

En dan kla die mense ook nog oor hoe baie moeite dit is.

Sjoe ... om so te kom offer ... dit maak mens darem maar moeg, arm.

Moet ek regtig al hierdie moeite doen ... al hierdie geld en tyd spandeer?

Verstaan jy die hartseer in die Here se stem, geliefdes?

Ek het julle lief ...maar het julle My lief?

- Dit lyk nie so nie ...
- Want ja ... julle kom kerk toe ... maar ...

Wat is die kwaliteit van julle ere-diens ...?

- En ... hoekom kom julle in erediens?

Is dit regtig vir MY ... of

eintlik net vir die voordeel wat JULLE daaruit kry?

- En ... is julle nog bereid om moeite te doen in jul godsdienst ... energie, tyd, jouself op te offer ... ter wille van ere-diens ...?

Of kry Ek, die Here,

net afskeptydjies, afskeep-energie ... die afskeep-JY?

So kom die vraag ook na jou en my, liewe broer, liewe suster:

*Wat wys **die kwaliteit van my erediens, my godsdienst**?*

Wys dit dat ek die Here na waarde skat?

Die tweede stukkie spieël is spesiaal vir ons **geestelike leiers**, geliefdes:

- Aan die begin van Maleagi 2 praat die Here naamlik spesifiek met die priesters.
- Hulle is deel van die eeu-oue stam Levi.
- Baie jare gelede met die gebeure rondom die goue kalf het juis die Leviete teen al hul broers opgestaan en die eer van die Here beskerm.
- Ook toe die Israeliete by Sittim afgode begin dien het, het die Leviet Pinehas die Here se eer beskerm.
- Dis dus eintlik deel van die DNA van die Leviete om die Here te eer!
- Dis hoekom die Leviete – en spesifiek die priesters – die verantwoordelikheid gekry het om by die tempel te werk.
- En dis hoekom spesifiek die priesters met kennis moes kon praat ... om die volk te leer wat die Here se wil is.

Maar wat doen die priesters nou?

- Hulle stap self weg van die Here se pad af.
- Op morele vlak doen hulle wat hulle wil en nie wat die Here wil nie.
- Daarmee saam leer hulle verkeerde dinge vir die mense.
- So laat hulle die Here se kinders verdwaal.
- Boonop is dit nie vir hulle belangrik om die Here se wil op te pas nie.
- Inteendeel, hulle is partydig wanneer hul hofuitsprake maak.
- Ja, dit gaan vir die priesters net om hulself en hul eie aansien.
- Die Here se priesters fokus nie meer op SY eer en SY voordeel nie!

Hierin kom die vraag eerlik na ons elkeen, maar spesifiek na elke ouderling, diaken ... en ook na myself as predikant:

Leef ek as geestelike leier, dienaar, nog tot eer van die Here?

Is dit vir my nog belangrik dat elke kind van die Here Hom prakties sal eer?

Die derde terrein waarop die Here fokus, is ons **sosiale lewe**, ons lewe met ander mense:

- En spesifiek fokus die Here op hoe ons as mense die huwelik benader.
- Want in Juda het daar iets afskuweliks, iets ergs begin gebeur.
- Die jong mans wat wou trou het nie meer die Here en hul verhouding met die Here eerste gestel wanneer hulle na 'n vrou gesoek het om mee te trou nie.
- Inteendeel ... hulle het sommer met vrouens getrou wat in diens van ander gode gestaan en geleef het.
- Ja, ek soek eerder 'n mooi vrou, of 'n slim vrou, of 'n ryk vrou ... as wat ek kyk of sy in die Here glo.
- So min is die Here eintlik vir my werd in die praktyk van my lewe ... dat Hy nie eers belangrik genoeg is wanneer ek 'n huweliksmaat kies nie.
- Dis vir die Here verskriklik ... maar dis die praktyk in Juda.

En selfs wanneer die mans getroud is, skuif hulle die Here uit die prentjie uit:

- Want skielik sien hulle hierdie nuwe opwindende vrou in hul lewe ...
- En dan ... dan skuif hulle hul eie vrou, die vrou aan wie hulle trou belooft het, die vrou aan wie hulle hulle voor die Here verbind het, eenkant.
- Ja, al het die Here my en my vrou een gemaak ... ek kan maar die een-wees oopskeur en 'n derde party inbring ... as ek so wil.
- Ek kan maar my kinders se toekoms en geloofstoekoms op die spel plaas en hulle deur die seer van 'n egskeiding sit ... want dis my lewe en wat ek wil.

Sien jy hoe die Here 'n baie praktiese aspek van ons lewe vat en sê:

Hoe lyk JOU liefde vir MY, die Here, in jou gewone verhouding elke dag?

- Neem jy My enigsins in ag wanneer jy besluite neem?
- Neem jy jou beloftes voor My enigsins in ag wanneer jy keuses maak?
- Figureer ek enigsins in die manier hoe jy met die mense om jou lewe?
- Of skuif jy My, die Here, kantlyn toe in jou verhoudings?

Op drie vlakke, geliefdes, laat die Here ons eerlik na die praktyk van ons lewe kyk:

- In my ere-diens ... my God-s-diens ... my saam-leef-met-die-Here elke dag:

Hoeveel waarde ken ek regtig aan die Here toe?

- In ons omgee as geestelike leiers:

Word dit duidelik dat ons die Here liefdevol respekteer ... eer?

- In ons verhoudinge ... in my huwelik ... in my huwelikskeuse ...

Is dit prakties sigbaar dat ek die Here na waarde skat ... Hom eer?

Ek het jou lief! ... sê die Here.

Is jy besig om My, die Here, prakties te eer?

HERE SMEEK: KOM TOT INKEER: EER MY VOLUIT!

Hoekom kom die Here met hierdie vraag, geliefdes?

Wanneer mens Maleagi 1-2 die eerste keer lees, dan wil jy sê:

*Die Here sê al hierdie dinge net om vir sy volk te verduidelik
hoe en hoekom Hy hulle gaan oordeel!*

Want hoor hoe die Here keer-op-keer na sy oordeel verwys:

- Vers 10:

Ek hou nie van julle nie, sê die Here die Almagtige.

- Vers 14:

Daar rus 'n vloek op elke skelm wat ... 'n verminkte ding aan die Here offer!

- Hoofstuk 2:2 vir die priesters:

*Ek sal 'n vervloeking oor julle bring en
'n einde maak aan al julle voorspoed.
Ek het dit trouens reeds gedoen ...*

- Hoofstuk 2:9 vir die priesters

Nou maak Ek julle ook verag en sonder aansien by die hele volk,

- Hoofstuk 2:12:

*Mag die Here elkeen wat nog iets te doen wil hê
met 'n man wat so 'n vrou trou,
uit die gemeenskap van Jakob uitroei,
ook al bring so 'n man nog offers ...*

(En let hier op die ... al bring so 'n man nog offers ...!)

Maar juis in die woordjie *vloek* (*Ek sal julle vervloek*) lê genade, geliefdes:

- Want vloek, vervloek ... vat mens terug na die begin van Israel ... net voordat hulle in die beloofde land ingetrek het.
- Daar het die Here vir hulle vertel wat Hy alles vir hulle gee en doen ... sy seën.
- Maar daar het die Here hulle ook gewaarsku dat as hulle hul eie pad gaan stap en Hom gaan kant toe skuif ... dan kom die vloek.
- So die vloek is juis 'n verbondsvloek ... 'n verhoudingsvloek.
- Ja, dis die Here wat sê:

*Omdat Ek julle liefhet ... daarom wil Ek julle by My hê en **by My hou!***

En as jy nie by My wil bly nie, my kind, gaan EK jou nie net kant toe skuif nie.

Néé, Ek gaan alles wat ek kan doen, doen om jou by My terug te kry!

- Ja, die Here se verbondsvloek is 'n waarskuwing wat jou wil terugwing na die Here toe!

En daarom, geliefdes, is die Here nie net besig om Juda te oordeel en te laat sleg voel en te wys op hul hoop-lose toekoms nie:

- Néé, die Here is besig om sy kinders tot bekering te roep.
- Wanneer die Here so sê:

... waar is die eer wat My toekom?

... waar is die eerbied vir My dan?

dan is dit om sy kinders diep in die oë te kyk en te sê:

Kom tog terug by My met julle hele hart!

Ja, hou tog op met jul lustelose, halfhartige lewe saam met My!

Eer my met AL julle energie en tyd ... in julle HELE lewe!

Daarom sê die Here ook duidelik vir die priesters in vers 4:

Dan sal julle besef dat Ek vir julle dié bevel gestuur het

sodat my verbond met Levi kan bly bestaan!

- Ja, die Here wil sy verhouding met sy kinders laat aangaan.
- Die Here wil steeds lewe en vrede bring.

- Die Here wil steeds dat sy kinders sal weet wat sy wil is.
- Die Here wil altyd weer sy kinders van hul sonde laat afsien ... en hulle terugbring by Hom ... voluit.

Dis die Here se hele doel met Maleagi, geliefdes:

Hy wil sy kinders terugbring by Hom sodat hulle voluit saam met Hom sal leef!

Dis hoekom die Here se eerste woord ook was:

Ek het julle lief!

- Want dis die begin en die eindpunt van alles.
- Die Here het Juda liefgehad en Syne gemaak.
- Die Here het Juda steeds lief en wil Juda steeds by Hom hê.

Duidelik smee die Here sy kinders:

Kom tot inkeer ... EER my weer voluit ... ja, wees lief vir My!

Want ... EK is lief vir julle!

Hierdie smee van die Here, geliefdes, is nie net hier op Juda gerig nie:

- Née, as jy na Jesus se lewe op aarde kyk, dan hoor jy hierdie selfde diepe liefdesroep wanneer Jesus vir die Fariseërs sê:

Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars!

Julle gee tiendes van kruisement, anys en koljander,

maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na:

geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid.

Juis hierdie dinge moet 'n mens doen en die ander nie nalaat nie.

- En wanneer jy Openbaring lees, dan hoor jy dieselfde liefdesroep van ons Here Jesus aan sy kerk van daardie tyd, maar ook aan ons:

Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet.

Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle.

Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop.

As iemand my stem hoor en die deur oopmaak,

*sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en
hy saam met My.*

Geliefdes:

- Die Gees wil met hierdie woorde van Maleagi jou en my oë oopmaak om eerlik na onself te kyk.
- Die Gees hierdie woorde gebruik om ons tot inkeer te bring soos nodig.
- Die Gees wil vanoggend jou en my aanvuur en die energie gee om die Here na waarde te ag ... te eer ... in ons hele lewe.

Hoor hoe sê die Here vir jou:

Ek het jou lief!

Hoor hoe vra die Here vir jou:

Het jy my lief?

Hoor hoe spoor die Here jou aan:

Gee my die eer wat My toekom, die eerbied wat by My hoort!

Leef getrou ... oral altyd!

Kom ons sing ... Lied 480 ...